

Riglyne vir eedswering

Teks: Matteus 5: 33 - 37 & Sondag 37
Teksters: Matteus 5: 34

1. Inleiding

Ons behandel vanoggend Sondag 37 van die heidelbergse kategismus. En waar al die vorige Sondags afdelings altyd een vir een gebod van die tien geboeie aangeskuif het, skuif ons vanoggend nie aan nie. Ons bly steeds by die derde gebod in Sondag 37 net soos ons dit ook in Sondag 36 behandel het. Maar die duidelike belang en aktualiteit sal nou duidelik sigbaar word.

Soos ons laasweek gesien het, handel die derde gebod handel oor die Heiligheid van God se Naam. En dit is wat ons in Sondag 36 behandel. Maar Sondag 37 handel oor die aflê van 'n eed. En omdat die aflê van 'n eed heel duidelik te doen het met die naam van die Here handel Sondag 37 steeds oor die derde gebod. Die aflê van 'n eed is ook nie so vreemd vir ons nie. Regdeur die geskiedenis was daar verskeie standpunte hieroor. Daarom word ons eie oortuigings vandag waarskynlik steeds beïnvloed deur hierdie standpunte.

Ons tref twee uiterstes aan by die aflê van 'n eed. Die eerste is die ligtelike aflê van 'n eed. En dan somer by enige heilige of belangrike voorwerp. Terwyl die ander uiterste dit stel dat 'n eed nooit afgelê mag word nie. Maar onmiddelik duik die vraag oor die owerheid dan op, soos ons ook sien in antwoord 101 van die kategismus.

Maar soos meeste geloofsake is hierdie nie 'n nuwe probleem nie. Reeds tydens die tyd van Jesus Christus se aardse bediening tref ons 'n sterk kultuur van eedswering aan. En daarmee saam fyn uitgewerkte metode oor wanneer 'n eed bindend is, al dan nie. Jesus laat ook nie maar net hierdie gebruik bloot voortgaan nie. Hy laat die lig van sy goddelike openbaring ook oor hierdie saak skyn. Dit sien ons duidelik in ons teksgedeelte uit Matteus 5 waar Jesus in ons teksters die aflê van 'n eed verbied.

2. Wat presies is 'n eed

Wat presies is 'n eed. 'n Eed soos ons dit verstaan is 'n Verklaring waarby die opperwese as getuie aangeroop word, soos die definisie in die woordeboek voorkom. In kort wanneer ek 'n eed aflê vervloek ek myself wanneer ek nie die waarheid praat nie. Daarom is 'n eed veral handig wanneer daar in 'n hof oor getuienis besluit word. Die definisie in die woordeboek verskil van die definisie in die Bybel wat ons in Lev 19:12 aantref naamlik:

"12Julle mag nie 'n vals eed aflê in my Naam en so die Naam van julle God ontheilig nie. Ek is die Here."

Behalwe vir die woordeboek se valse erkenning van ander gode, sien ons ook dat dit in die Woord gaan oor die Naam van die Here. 'n Eed word in die Naam van die Here afgelê.

Natuurlik dra die eed wat afgelê word in die Here se naam meer gewig. En daarom het baie mense al gedink dat hierdie gebruik vir my persoonlik kan werk. En so het eedswering in die alledaagse lewe beland. En selfs vandag nog is eedswering 'n algemene verskynsel. 'n Mens sal maklik in 'n gesprek iemand hoor sê "dit is die waarheid ek sweer", gewoonlik nie by die naam van die Here nie. Maar dit word tog op 'n manier maar geïmpliseer.

Ook in die tyd van Jesus se aardse bediening was dit die gebruik. Maar wat is dan nou eintlik verkeerd daarmee? En die antwoord is dat dit juis hier is waar die sondigheid van die mens in kom.

3. Die swakheid van die mens

Wanneer hierdie gebruik van eedswering op 'n gereelde basies plaasvind. Dan verval die mens vinnig in 'n dubbele lewe. Die eedswering word dan soos 'n skakelaar wat ek aansit wanneer ek die waarheid praat en afsit of nie gebruik wanneer ek 'n leuen vertel. Dit was ook duidelik die gebruik in joodse gemeenskap waarin Jesus sy aardse bediening gedoen het. Die jode het 'n magdom reëls en regulasies gehad wanneer dit by eedswering kom. Maar eintlik was meeste van dit maar net skuiwergate om nog steeds 'n leuen te vertel onder 'n eed.

Die mees ooglopendste skuiwergat was soos volg: Wanneer die Naam van die Here nie in die eedswering gebruik word nie, dan is die eed nie bindend. Dan hoef die sweerder nie die waarheid te vertel nie. Daarom het die jode by die Hemel, by die aarde en by Jerusalem gesweer, in plaas van die naam van die Here. Dit is wat Jesus aanspreek in vers 34 en 35. Hy sê dit is nie so eenvoudig nie. God is alomteenwoordig ook in die hemel, aarde en Jerusalem. Daarom sal hy ook hierdie leuen onder hierdie eed straf.

Hierdie gebruike het al so verdraaid geraak dat Jesus dit eenvoudig verbied in ons teksvers, vers 34. Jesus gee die oplossing in vers 37: "Laat jou ja eenvoudig ja wees en jou nee eenvoudig nee". Met ander woorde Jesus sê vat weg hierdie dubbelstandaard uit jou lewe. Praat altyd die waarheid dan sal dit nie nodig wees om 'n eed af te lê nie. Want dit wat dan onder die eed gesê word sal dan nie verskil van dit wat nie onder die eed gesê word nie. Sodra daar na maniere gesoek word waar 'n mens wettiglik 'n leuen kan vertel, is mense besig met die Bose.

Daarom is hierdie omslagtige reëls oor eedswering ook afkomstig van die bese. En daarom mag ons ook nie by heiliges of ander skepsels sweer nie. Soos wat vraag en antwoord 102 van die kategismus dit aan ons duidelik maak. Want as ons dit doen dan is ons net soos die jode wat by verskeie dinge behalwe die Naam van die Here gesweer het. Maar mag 'n mens dan glad nie sweer of 'n eed aflê nie?

4. Die korrekte gebruik van 'n eed.

Eendag wanneer die wederkoms kom en ons saam met die Here in die hemel woon, sal daar nie meer 'n eed afgelê word nie. Omdat die sonde dan finaal sal weg wees, sal niemand 'n leuen vertel nie. En daarom sal daar nie 'n waarborg vir die waarheid nodig wees nie. Maar aan hierdie kan van die wederkoms lewe ons nog in 'n sondige wêreld en mense sal steeds leuens vertel. Daarom kan hierdie waarborg vir die waarheid steeds gebruik word.

Een plek waar ons dit nodig is, is in die hof. Daar waar die waarheid baie belangrik is.

Tweede Preek

Omdat dit tot eer van God en tot heil van my naaste strek. Dit is ook hoe vraag en antwoord 101 van die kategismus dit verwoord. Tog werk ons in die hof meestal met mense wat nie die vrugte van die geloof dra nie. Die gebrokenheid en sonde van hierdie wêreld is in min plekke so opsigtelik as in die kriminele hof.

Daarom moet ons as gelowiges se lewens anders lyk. Ons moet as 'n reël die waarheid praat. En nie net wanneer ons onder 'n eed staan nie. Wanneer ons altyd die waarheid praat word die gebruik van die aflê van 'n eed onnodig. Dan lewe ons volgens die reëls van God se koningryk.

Dit is ook duidelik dat gereelde eedswering by die Naam van die Here, vinnig is lastering van die naam van die Here kan ontwaard. Derhalwe 'n oortreding van die derde gebod. En natuurlik wanneer daar onder 'n eed 'n leuen vertel word. Dan word die Naam van die Here duidelik in oneer gebring. En ons het alreeds gesien dat dit die lastering van God se Naam beteken. Dus word die roekelose omgang met 'n eed duidelik verbind aan die oortreding van die derde gebod.

5. Slot

Ten slotte moet ons die vraag antwoord: Mag 'n gelowige 'n eed aflê. Die antwoord is Ja 'n gelowige mag 'n eed aflê. Maar soos ons reeds gesien het, is hier ook 'n voorwaardes. Solank die eed die bevordering van God se eer en die heil van ons medemens te doel het. Dit is dus duidelik dat 'n eed nie sommer ligtelik en alledaags afgelê behoort te word nie. Dit moet met groot oorsig en gewig gedoen word.

Om eedafleging onder gelowiges te verbied is om te glo dat ons as gelowiges reeds geen sondes doen hier op aarde nie. En dit is duidelik nie waar nie. Daarom veroordeel Jesus nie alle voorkomste van die eed nie. Maar Hy spreuk duidelik die misbruik van eed vir eie gewin aan. Dit is duidelik dat Jesus ons nie verbied om 'n eed af te lê in die Naam van die Here nie.

Maar ons mag nie 'n eed by enige iets of iemand anders as die Naam van die Here aflê

nie. Want deur dit te doen sal beteken dat ek hierdie iets of iemand verhoog as 'n god wat mag het oor my. Daarom wanneer ons as gelowiges voor die hof gedaag word, moet ons steeds ons eed aflê in die Naam van die Here. Want ons glo dat allah of ek self geen mag oor my het nie.

Maar ons moet steeds in ons alledaagse lewe ook die eer van die Here en die heil van ons medemens soek in dit wat ons sê. Sodat dit amper nie nodig is om ooit 'n eed af te lê nie.

Amen